Kontak / Contact: Me. S. Thiart
Verw. / Ref. : ASD 45/1
Adres / Address De Havilland Singel / Crescent No. 6, Persequor Technopark, Pretoria, 0020
Privaatsak / Private Bag X 135, Pretoria, 0001
Tel: 012-349 1910 / 012 349 1911
Faks / Fax: 012 349 1909
E-pos / E-mail: sthiart@agric.co.za

Besoek ons by / Visit us at:
www.potatoes.co.za

21 Junie 2010

Alle Moerkwekers

Die Nasionale Moerekomitee het op 1 Junie 2010 en die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) en die Direksie van Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) op 2 Junie 2010 vergader en ek wil graag die volgende onder die aandag van alle moerkwekers en rolspelers in die moerbedryf bring:

NASIONALE MOEREKOMITEE

- Die volgende **punte vir bespreking** is as moontlikhede vir die Forum geïdentifiseer, naamlik: Verbetering van die Skema, PKR-tegnologie, Chemiese residu-toetse op aartappels of die Gebruik van ongeregistreerde middels op aartappels, Klimaatsverandering en die Bestuur van grondgedraagde siektes. U is welkom om nog voorstelle vir bespreking in te dien om ons voor einde Julie te bereik.
- Let asseblief daarop dat die **lokaliteit** van die Moerkwekers- en Moerhandelaarsforums nou na die Crystal Towers Protea Hotel in Century City langs die Canal Walk-winkelsentrum in Kaapstad geskuif is. Die Protea Technopark Hotel in Stellenbosch gaan nie met hulle opgraderings klaar wees nie, vandaar die verskuiwing.
- 'n Taakspan is aangestel om 'n konsepvoorstel met betrekking tot die moontlike toekomstige toepassing van **PKR-tegnologie** binne die Suid-Afrikaanse moerbedryf aan die Forum voor te hou.
- Versoeke ten opsigte van die **beskikbaarstelling van kwekerbesonderhede** is ontvang. ASD volstaan daarby dat geen kwekerbesonderhede aan derde partye gegee sal word nie. Kwekers kan egter skriftelik versoek dat hulle besonderhede met die daarstelling van ASD se eie webblad, wel op die webblad geplaas mag word.
- 'n Taakspan is saamgestel ten einde 'n konsepvoorstel ten opsigte van die **Verbetering van die Skema** aan die Forum voor te lê.

21 June 2010

All Seed Potato Growers

The National Seed Potato Committee convened on 1 June 2010 and the Independent Certification Council for Seed Potatoes (ICCSP) and the Board of Directors of Potato Certification Service (PCS) on 2 June 2010 and I wish to bring the following to the notice of all seed potato growers and role players in the seed potato industry:

NATIONAL SEED POTATO COMMITTEE

- The following possible **points for discussion** have been identified for the Forum, namely: Improvement of the Scheme, PCR-technology, Chemical residue testing on potatoes or the Use of unregistered chemicals on potatoes, Climate change and the Management of soil-borne diseases. You are invited to propose more topics for discussion to reach us before the end of July.
- Please note that the **venue** of the Seed Growers' Forum, as well as the Seed Traders' Forum, has been changed. The new venue is the Crystal Towers Protea Hotel in Century City next to Canal Walk shopping centre in Cape Town. The Protea Technopark Hotel in Stellenbosch is busy with renovations and it is currently foreseen that it will not be ready by September, therefore the change.
- A task team has been appointed to table a draft proposal on the possible future application of **PCR-technology** within the South African seed potato industry at the Forum.
- Requests to make **grower contact details** available have been received. PCS will not make grower details available to any third party. Growers are, however, welcome to request in writing that their contact details be made available on the PCS website when it is put in place.
- A task team was constituted to table a draft proposal at the Forum in respect of the **improvement of the Scheme**.

- By die **aanvra van dispute** word kwekers versoek om die dispuut binne 7 dae te verklaar. In die geval van ‘n rolbladdispuut, moet ‘n nuwe monster getrek word, aangesien die deel van die knol wat die virus bevat tydens die eerste toets uitgesny kan word. In die geval van PVY waar die toets bevraagteken word, kan dieselfde knolle weer gebruik word aangesien die knolle enkel getoets word. Die rede hoekom die knolle dan individueel getoets word, is dat met die verpoeling van 5 knolle, een putjie positief kan wees, alhoewel dit tegnies moontlik is dat net een uit die vyf knolle positief is. Dit lyk dan asof al 5 positief is. Wanneer die knolle dan enkel getoets word, kan die uitslag anders lyk. Wanneer ’n kweker die manier van monsterneming bevraagteken, word ‘n nuwe PVY-monster getrek en word die knolle ook vyf-vyf in ‘n putjie verpoel soos in die geval van ‘n rolbladdispuut. Daar word volstaan by die riglyne vir die toestaan van dispute soos in die Protokol (Artikel 5.3.2.1) uiteengesit.
- **Klas Elite** kan aan voorwaardelik gesertifiseerde G1- tot G4-saad toegeken word aangesien die virustoleransie minder as die toegelate 2.5% vir Elite is.
- Die gebruik van ’n **ombudsman** is ‘n privaat aangeleentheid en die betrokkenes gebruik ‘n persoon van hulle eie keuse. Die koste verbonde daaraan is vir die aansoeker.
- Kwekers word versoek om die Skema en die gebruik van gesertifiseerde saad te bevorder en nie streke teen mekaar af te speel nie.

OSRA

- Die **Coen Bezuidenhout-saadtoetssentrum** (CBS) is volledig deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye geoudit en het ook ‘n ringtoets geslaag. Die laboratorium is as bevoeg vir die uitvoer van toetse op aartappels verklaar. Baie geluk aan CBS!
- Vir **registrasie by OSRA** sal *in vitro*-fasiliteite verantwoordelik vir die vermeerdering van aartappelmateriaal voortaan in kategorieë ingedeel word, naamlik as enkelgewas/multigewas en as kwarantyn-, vestigings-, instandhoudings- of as vermeerderings-fasiliteite. Toetse vereis sal deur die risiko ten opsigte van die ander gewasse bepaal word.
- Wat **biosekuriteit** betref, sal dr Ben Pieterse nuwe opkomende siektes wat moontlik ’n risiko vir die aartappelbedryf in Suid-Afrika kan inhou, onder die aandag van die Departement bring ten einde ’n risiko-bepaling te loods.
- **Nuwe Skema- en Protokolwysigings** sal ook deur die taakspan verantwoordelik vir die Verbetering van die Skema evalueer word alvorens dit aan die Registrateur vir oorweging voorgehou word.

- Growers are requested to lodge a **dispute** within 7 days of receiving their results. Where the potato leaf roll result is disputed, a new sample must be drawn because the part of the tuber where the virus is found, is used in the first test. Where the test is disputed in the case of PVY, the same tubers can be tested again, in which case the tubers will be tested individually. As five tubers are pooled, it is technically possible for only one of the five tubers to be positive and then the result indicates that all 5 are positive. If the tubers are tested individually, the result can be different. If a grower disputes the way in which the sample was drawn, a new sample can be taken and the tubers will be pooled five per well, the same as for a PLRV sample. The guidelines for considering dispute samples as set out in Article 5.3.2.1 of the Protocol still apply.
- **Class Elite** may be awarded to provisionally certified G1 to G4 seed as the virus tolerance is less than the permissible 2.5% for Elite.
- The use of an **ombudsman** is a private matter and the people involved can choose a person of their choice. The cost is for the account of the person requesting the ombudsman.
- Growers are requested to promote the Scheme and the use of certified seed and should not discriminate against certain regions.

ICCSP

- The **Coen Bezuidenhout Seed Testing Centre** (CBS) was fully audited by the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries and passed a reference test successfully. The laboratory was declared competent in performing laboratory analysis of potato samples. Congratulations to CBS!
- For the r**egistration of *in vitro* facilities with the Council**, the *in vitro* facilities responsible for the multiplication of potato planting material will be divided into categories, namely single crop- / multi-crop facilities and as quarantine, establishment, maintenance or multiplication facilities. Test requirements will be determined in terms of the risks posed by the other crops.
- With regard to **biosecurity**, Dr Ben Pieterse will bring new diseases regarded as a risk to the industry to the notice of DAFF with a view to the launching of a risk analysis.
- The task team assigned with the responsibility of addressing improvements of the Scheme will evaluate the proposed **Scheme and Protocol amendments** before these amendments are submitted to the Registrar.

- Die vorige besluit dat persele waarvan die bakteriese verwelkstatus onbekend is, insluitende alle persele wat vir die eerste keer vir moerproduksie in terme van die Skema aangewend word, in die toekoms as "verdag" beskou word, met die implikasie dat monsters afkomstig van aanplantings op sodanige persele voor toetsing warm gemaak moet word, word herroep, aangesien dit onprakties is. Daar word by die bepalings van die Skema (Artikel 7.2) vir die identifisering van **verdagte persele** volstaan.
- Kennis word geneem van 'n nuwe **Goue Sist**-aalwurmspesie wat in die Sandveld gevind is. Die siste wat tans in die Sandveld opgespoor word is nie *Globodera rostochiensis* nie, maar wel van die nuwe spesie. Daar moet nog vasgestel word of aartappels 'n gasheer van hierdie spesie is. Die lasgewing ten opsigte van persele in die Sandveld waar geen siste weer gevind is nie, is opgehef. Waar die siste weer voorgekom het, kan die lasgewing nie opgehef word nie weens die gasheerbepaling wat nog uitstaande is. Afhangende van die uitslag, sal weer besin word oor die toets van die gronde in die Sandveld. Neem asseblief ook kennis dat die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye tans met 'n landswye opname rakende Goue Sist-aalwurm besig is.

- The previous decision that premises of which the bacterial wilt status is unknown, including all premises used for seed potato production in terms of the Scheme for the first time, be regarded as "suspect" in future, the implication being that samples originating from plantings on such premises be warmed before testing, has been revoked as this is not practical. For the purposes of identifying **presumably infected units** in respect of bacterial wilt, the present provisions of the Scheme as stated in Article 7.2 will be maintained.
- Please note that the cysts traced in the Sandveld at present are not *Globodera rostochiensis* – rather a new specie. It still has to be determined whether potatoes are a host to this specie. The orders issued in respect of premises in the Sandveld on which no cysts have been found again have been lifted. Where cysts have again been found, the orders have not been lifted on account of the fact that the question of whether the potato is a host of these cysts has not yet been resolved. The future testing of the soil in the Sandveld will be reconsidered subject to the results. Please also note that the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries is currently busy with a national survey regarding the **Golden Cyst Nematode**.

DIREKSIE

- Die kwessie van die betaling van 'n **dubbelregistrasiefooi** deur nuwe toetreders is weer te berde gebring. Daar is besluit om die s*tatus quo* te handhaaf. 'n Nuwe toetreder word gedefinieer as 'n produsent wat vir die eerste keer 'n kwekerkode ontvang en aanplantings onder die Skema registreer wat onder sy/haar toesig verbou sal word**.** Die toegewing wat ten opsigte van opkomende boere gemaak is, word gehandhaaf, maar die taakspan wat die verbetering van die Skema hanteer, moet die kriteria vir kwalifikasie as opkomende boer bepaal.
- 'n **Tariefverhoging** van 9% is goedgekeur wat teweeg bring dat die tarief per hektaar vanaf 1 Julie 2010 van R1100 na R1199 verhoog word.
- Wat die **personeel** van ASD betref, gaan ons steeds gebukkend onder die aanslae van die bedryf wat ons personeel roof. Van Zyl du Toit verlaat einde September ASD se diens en hy word alle sukses en voorspoed toegewens. Ons is egter baie bly dat hy in die moerbedryf bly! Daar is sedert middel Mei, drie nuwe Leerling-sertifiseringsbeamptes aangestel en ons wens hulle alle sukses met hulle opleiding toe en vertrou dat hulle baie gelukkig by ASD sal wees.

BOARD OF DIRECTORS

- The **double registration fee** payable by new entrants to the seed industry was tabled again. The *status quo* will, however, be maintained. A new grower is defined as a grower who receives a grower code and registers plantings under the Scheme for the first time, which plantings will be grown under his / her supervision. The concession granted to new upcoming growers still applies. The team tasked with the improvement of the Scheme has to set criteria for growers to qualify as upcoming farmers.
- A 9% **tariff increase** has been approved and this increases the registration fee per hectare from R1100 to R1199 as from 1 July 2010.
- PCS is still suffering the consequences of losing certification **personnel** to the industry. Van Zyl du Toit leaves the company at the end of September. We wish him all the best. He will fortunately stay in the seed industry! Three Trainee Certification Officials were appointed in May. We wish them all the best with regard to their training and trust that they will be very happy with us.

- Daar word verder kennis geneem dat wanneer ’n werknemer van ’n maatskappy op die maatskappy se direksie dien, die werknemer as die Besturende Direkteur bekend staan en nie as die Hoofuitvoerende Beampte nie, vandaar die verandering.

U word verder hiermee hartlik uitgenooi om die Moerkwekersforum wat op Dinsdag, 14 September 2010, gehou gaan word, by te woon. Die galadinee, waartydens die Bayer CropScience Moerkweker van 2010 aangekondig sal word, word die aand na afloop van die Forum gehou. Ons sien uit daarna om u daar te verwelkom.

.

Vriendelike groete

- Cognisance has also been taken of the fact that where an employee serves on the Board of Directors of a company, that employee is the Managing Director and not the CEO, therefore the change in designation.

You are hereby cordially invited to the Seed Growers’ Forum to be held on Tuesday, 14 September 2010. The gala dinner during which the Bayer CropScience Seed Grower of 2010 will be announced, will take place the evening after the Forum. We look forward to have you there.

Kind regards

_____

SANETTE THIART
BESTURENDE DIREKTEUR: ASD
MANAGING DIRECTOR: PCS

Save as: Tikwerk/Sanette/Amelia/ST0313